# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

**NO. 19**
**LANTERN IN DIE NAG**



*braam le roux*

Die houe reën nou op Jas, en hierdie keer kan hy dit nie afweer nie. 'n Paar linkers val soos stoomhamerhoue op Jas se neus; dan pomp vinnige regterhoue hom in sy maag. Hy steier teen die kroegtoonbank aan en weer is Herman by. Jas se neus bloei nou vrylik, en dit koek tussen sy stoppelbaard. Daar kom 'n wrede trek op Jas Swiegers se gelaat. Hy val skielik vorentoe om Herman vas te gryp, maar Herman het hiervoor gewag. Hy beweeg snel eenkant toe, en sy regtervuis skiet uit en tref Jas op die slaap. Dit is nou Jas wat sy ewewig verloor. Herman swaai 'n hou na sy ribbes toe en die volgende oomblik stort die skeeloog teen die grond neer.

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

NO. 19
LANTERN IN DIE NAG



braam le roux

INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Ruiter in Swart | 3 |
| 2. | Skaduwees in die Mis | 13 |
| 3. | Spore in die Mis | 23 |
| 4. | Die Blitsige Skut | 33 |
| 5. | Vuiste en Bloed | 43 |
| 6. | Meer Vyande | 53 |
| 7. | Geheimsinnige Skaduwees | 63 |
| 8. | Die Nagtelike Besoeker | 73 |
| 9. | Lantern in die Nag | 83 |

## Hoofstuk 1

## RUITER IN SWART

Hier in die kloof is dit vannag besonder koud. Tog is daar geen luggie wat trek nie. Die mis pak reeds teen die hange van die berge saam, en 'n halwe maan hang in die lug.

Langs die spruit is die gestalte van 'n perd sigbaar. Die dier staan roerloos stil. Sy kop hang effens vooroor asof hy slaap. As mens stip na daardie perd kyk, sou mens opmerk dat daar 'n saal op die dier se rug is. Sy ruiter moet dus in die nabyheid wees. Maar in die omgewing van daardie perd is net diep skaduwees, skaduwees wat lank oor die bossiewêreld val, van die talle rotse af weg. Van 'n ruiter is daar geen teken nie.

'n Naguil maak in die diep spruit 'n lawaai en die krieke hou eensklaps op met kriek.

Daar is ineens 'n gekras asof twee klippe teenmekaar aanskuur, asof 'n ding wat beweeg die klippe verstoor het.

Uit die sloot kom iemand te voorskyn, maar slegs die kop en die skouers is in die flou skynsel van die maan sigbaar. Lig en skaduwees speel op lang blonde hare wat los oor die skouers hang. Die strale van die maan laat iets in haar hande blink.

Leonie Bloem vee met die agterkant van haar hand oor haar voorhoof. Dit is 'n moeë gebaar en dit gaan gepaard met 'n sug. Sy tuur oor die landskap heen en daar gaan 'n rilling deur haar liggaam. Sy hou die geweer stywer vas, maar dit voel koud en swaar in haar hande.

Sy was te haastig om weg te kom van die huis af. In die afgelope paar maande is vier mure vir haar te veel; selfs die klowe en berge word vir haar nou te klein. Meer as een dag in die afgelope weke het sy geweet dat sy hier in die ruim landskap nog glad nie vry is nie. In haar oorhaastigheid om weg te kom van die huis af, het sy vergeet om 'n trui of 'n jas saam te bring. Sy het ook nie geweet dat die gewag hier in die spruit so vermoeiend sou wees nie. Sy het ook nie geweet dat sy so lank hier sal moet wag nie.

In die flou manestrale, sowat honderd treë van haar af, is daar iets blinks. Dit lyk soos 'n reuse-stuk spieël wat daar op die dorre aarde lê. Daar is geen luggie wat die oppervlak van daardie water versteur nie. Hierdie kom water het Leonie vanaand hierheen gebring—helder lewensvog wat omring is met

lae sandsteen. Dit is die enigste drinkplek op die plaas waar die diere met veiligheid kan kom suip.

Terwyl sy voor haar uitstaar, byt sy op haar onderlip en 'n magtelose woede bruis andermaal in haar op.

Hoekom sit sy alleen hier in die nag in die kloof? Selfs sy wonder nou of sy die regte ding gedoen het. Sy het sommer blindelings in die donker hierheen gevlug; om hier te kom sit en wag vir die persoon of persone wat trag om haar en haar vader se geluk te vernietig, die mense wat hulle van 'n bestaan wil beroof en van die plaas wat sy alreeds intens leer liefkry het; hierdie mense wat 'n oorlog teen beeste, perde en bokke ontketen het, in 'n poging om uiteindelik daarin te slaag om vir haar en haar vader en vir Hermann Mouton van hulle grond te verdryf. In hulle blinde begeertes na besittings, na mag, hulle duiwelse gulsigheid om die hele wêreld hulle s'n te maak, skroom hulle nie om onskuldige diere, selfs die bokke van die veld, te vernietig nie.

'n Week gelede het Leonie-hulle se skape agter die koppie aan die westekant van die plaas een môre op hope begin vrek. Hulle het dadelik gedink dat 'n verskriklike siekte hulle trop getref het. 'n Dag later het 'n paar pragtige aanteelperde op 'n ander deel van die plaas begin doodgaan. Hulle kon die oorsaak van die vrekte nie dadelik vasstel nie. Maar uit die staanspoor was dit vir Leonie eienaardig dat die diere om en naby die waterbronne op die plaas gevrek het. Lank het die gedagtes in haar gespook dat die diere met opset gedood is. Sy het selfs begin droom van mense wat snags die waterbronne op die plaas kom vergiftig. Die dorstige diere kom drink dan van die water en dan sterf hulle 'n pynlike dood.

Meer as die helfte van Salmon Bloem se vee het al naby die waterbronne gevrek. Dit was Leonie se idee dat die beeste, perde, bokke en skape van sekere waterbronne weggehou moet word. En van toe af het die vrekte opgehou. 'n Paar keer het die diere na die gevaarlike bronne deurgebreek en dan het hulle maar weer begin doodgaan.

Net hierdie waterbron, wat hier voor haar in die maanlig lê, het oorgebly; net hierdie water was nie vergiftig nie. Die meeste diere het hier kom suip en niks oorgekom nie. Net Leonie en Salmon, haar vader, het geweet van hierdie bron wat tussen die steil rotse verskuil lê. En Leonie het gedink dat dit daaroor is dat hierdie bron tot dusver nog veilig is. Die skurke



en gierigaards wat verantwoordelik is vir die vrekte onder hulle diere, het dus nie van hierdie water geweet nie.

Maar vanoggend, dou voor dag, het sy iemand deur haar verkyker dopgehou. Iedere oggend staan Leonie Bloem, wat al sewentien jaar lank daaraan gewoond is om vroeg te roer—sy het self vieruur in die oggend in hierdie wêreld aangeland—uit die vere op en ry op haar bruin perd deur die frisheid van die nuwe dag. Sy het vanoggend vir 'n verandering na hierdie berge in die ooste gery. Dit was kort voor sonop toe sy die ruiter teen die hang van die berg gesien het. Hy was ongeveer 'n duisend tree ver, maar sy kon hom deur die verkyker dophou. Sy is seker daarvan dat hy swart klere aangehad het en hy het op 'n swart perd gery. Dit het gelyk asof hy die wêreld ook deur 'n verkyker bespied. En haar hart het bang begin bons toe sy die persoon sien neerkyk het na die kloof waar die bron geleë is. Deur die verkyker het dit ten minste vir haar so gelyk.

Sy het haar bruin perd vinnig agter 'n rots ingestuur en die persoon deur die verkyker dopgehou. Hy het eers lank na die vallei gestaar en later het sy perd teen die helling laat afsukkel. Weldra, met die naderende lig van die dag, kon Leonie hom duideliker sien. Sy was nou oortuig dat hy afgly na die waterbron toe. Dit was nou ook vir haar duidelik dat dit die eerste keer is dat sy hierdie persoon in hierdie buurt sien. Hy het sy hoed in sy hand rondgeswaai en sy kon self uitmaak dat hy ligte hare het, wat half oor sy voorhoof gehang het.

En toe het sy net die verkeerde ding gedoen. Sy het haar perd spore gegee en agter die rots uitgestuur. Sy het vinnig teen die duskantse helling afgegaan. Toe het die vreemde ruiter haar egter bespeur. Hy het sy perd tot stilstand gebring en 'n verkyker vinnig te voorskyn gehaal. 'n Oomblik lank het hy gekyk, toe sy perd omgeswaai en weggejaag teen die opdraande op.

Leonie het na die man geskree, maar hy het nie eens omgekyk nie. Die swart perd met die geheimsinnige swart ruiter het teen die steilte opgesukkel en later oor die bergrug verdwyn.

Leonie het tot op die bergrug gery en afgestaar na 'n ander vallei onder haar. Sy wis dat dit die grond is van Floors de Jongh. Maar van die vreemde ruiter op sy swart perd was daar niks te bespeur nie. Dit was nou al lig en die son het al

uitgekruip agter die horison.
Die man het spoorloos verdwyn.
Dit is toe dat die pynlike gedagtes aan haar gevreet het. Skielik het die gedagte by haar opgekom dat hierdie man daar teen die helling verskyn het om hierdie waterbron gevaarlik te maak. Hierdie gedagte het aan haar gekanker. Sy het dit by haar terugkeer aan haar vader gesê. Oom Salmon Bloem het ineengedoke op 'n stoel agter die huis in die wintersonnetjie gesit.
,,Jy sê hy het swart klere aangehad?'' het oom Salmon gevra-sê, maar hy het dit in 'n temerige stemmetjie gesê, asof hy nie lus gehad het om die saak te bespreek nie.
,,Ja, Pappie, ek is seker daarvan. En ek is seker dat hy die gif in die water wou gooi!''
Oom Salmon het opgestaan.
,,Ek dink jy is reg, en ek dink dit is nodeloos vir ons om verder te skerm. Hier is mense wat ons van hierdie plaas af wil weg hê. Ek sien byna nie meer waarom ons langer hier moet swoeg nie, Leonie. Hierdie plaas het ek nie meer so lief nie. Jou ma is dood omdat sy haar doodgewerk het hier. Sy wou altyd dat ons hier wegtrek, maar ek was nog altyd hardnekkig. Dit was maar altyd 'n deel van Hoogland hierdie, 'n deel van Floors de Jongh se Hoogland en dit was nooit ons eie nie, totdat. . . ja. . . totdat Hermann Mouton vir my die verband afbetaal het.''
Leonie het gefrons.
,,Pa. . . Pa het dit nooit vir my gesê nie!''
Oom Salmon Bloem het selfbewus begin lag.
,,Hy is 'n gawe seun, en as hy dit nie gedoen het nie, het ons nou nog nie 'n plekkie gehad om te sit nie en ons vee te laat wei nie.''
Leonie het met die sakdoek in haar hand gespeel.
,,Pa. . . ek. . . ek het 'n voorgevoel dat dit Floors de Jongh is wat ons hier wil weg hê.''
Hierdie keer was dit oom Salmon wat gefrons het.
,,Jy durf nie so iets sê nie, Leonie. Hoe kan Floors de Jongh nog iets teen ons hê. Die vete wat daar tussen ons bestaan het, is beëindig deur die aankoms van Hermann Mouton. Ek dink nie Floors sal so iets doen nie.''
Leonie het haar vader stip aangekyk.
,,Mense doen enige ding vir geld en mag, Vader. Vandat



hierdie moderne Percy Fox van Kimberley af hier aangekom het, het hulle stelselmatig probeer om al die klein plasies hier op te koop. Percy het hulle aangepor. Ek het gehoor hulle praat van asbesmyne en goudmyne wat hier in die berge geopen moet word. Percy Fox het daarin geslaag om al die plasies op te koop, behalwe ons s'n. Hulle sê die hele wêreld behoort al aan Fox en de Jongh, van hier af oor Moedwal, Houtklip en Koems tot aan die Duitse grens by Nakop. Hy het in die dorp vertel dat hy 'n pad wil hê na die Duitse grens toe, in geval hulle met goudontginning begin, om uitvoer en handel te vergemaklik.''
,,Ek weet dat Floors, maar veral sy seun, Ferdie, kop in een mus met Percy Fox is, maar hulle. . . hulle sal tog nie so wreed optree om ons hier uit te dryf nie, Leonie. Jy. . . jy moet tog nie dat Hermann hoor wat in jou gedagtes omgaan nie, Leonie!''
Leonie het 'n snorkgeluid laat hoor en 'n gevoel van jaloesie het in haar opgestyg. Vandat Hermann so baie begin belang stel het in Naomi de Jongh, het sy wrewelig begin word; sy was katterig teenoor Hermann Mouton en sy het hom vermy. Dit her haar diep gekwes dat hy voorkeur aan Naomi se geselskap gee. Sy het alleen in die lang nagte op haar bed wakker gelê en mooi gedagtes oor Hermann gedink, maar daardie mooi gedagtes het gewoonlik later gepaard gegaan met brandende gevoelens van jaloesie. Dit het baie keer gelyk asof Hermann haar nie eens raaksien nie, asof hy haar nog as 'n skooldogter beskou. Net die eerste rukkie ná Hermann Mouton, die swerwer, se aankoms uit Upington het dit goed gegaan, maar. . . toe het Naomi haar aanhoudend opgedring, gedurig die geselskap van Hermann opgesoek en hom stadigaan afgerokkel.
,,Natuurlik, Vader. Ek moet Hermann Mouton se gevoelens respekteer en ek moet ontsag vir hom hê, want hy is verlief op Naomi en hy het vir ons hierdie plaas help afbetaal. Hoe dierbaar van hom!''
Haar woorde was snydend en haar vader kon die verbittering in haar stem gewaar. 'n Oomblik lank het hy sy jeugdige dogter, wat nou begin grootword, bitter jammer gekry. Hy het geweet dat sy verlief is op Hermann Mouton. Hy het sy hand omhoog gehou om haar stil te maak.
,,Hermann wil niks verkeerd van die De Jonghs aanhoor

nie," het sy egter losgebars. „Hy hardloop agter die goedkoop Naomi aan. Noudat Pa my vertel het dat ons hier op 'n deel van Hoogland bly omdat hy ons begenadig het, wil ek ook nie meer graag hier bly nie, hoe lief ek ook al die plek gekry het. Ek wil nie aalmoesies van enigiemand ontvang nie, die allerminste van Hermann Mouton!"

Toe het sy sag begin huil en weggestap.

Salmon Bloem het haar net kopskuddend agterna gestaar.

Dit is toe dat Leonie besluit het dat sy die enigste oorblywende waterbron sal dophou, dag en nag. Sy was nou seker dat iemand dit sal probeer vergiftig en sy was oortuig dat dit iemand sal wees met 'n swart hemp aan en wat op 'n swart perd ry. Voordat sy van hierdie bergland af weggaan, wil sy uitvind wie hulle vee vergiftig het, wie so wreed is om waterbronne onveilig te maak vir mens en dier. Daarom sit sy in hierdie onmoontlike uur in die sloot en staar af op die spieëlgladde water wat daar voor haar in die maanskyn lê.

Sy versit effens. Toe Mouton hierheen gekom het, het sy wonderlike drome gedroom. In haar dagboekie het sy geskryf dat haar droomman eindelik opgedaag het. Hier alleen in die spruit verskyn die beeld van Hermann Mouton weer voor haar geestesoog. Snaaks, sy stel hom vir haarself altyd voor soos hy gelyk het daardie skemeraand toe hy op hierdie plaas aangekom het, stofbelaai en dors, met sy bos donkerrooi hare effens deurmekaar. Al is hy reeds agt-en-twintig jaar oud, het hy toe gelyk soos 'n klein seuntjie wat baie moeg en afgemat was, met die sproete langs sy neus en op sy voorkop. Hy het Hy het vertel dat hy dag en nag gery het, en eers later het sy uitgevind dat hy van Upington se wêreld af kom. Met hoeveel geluk in haar hart het sy nie vir hom kos voorberei en waswater gebring nie, en hy het haar aangespreek asof sy al 'n grootmens was. Maar later het Hermann verander. Hy het die perdediewe aan die pen laat ry; hy het die De Jonghs van ondergang gered en hulle toegelaat om die plaas wat hy wou koop, te behou. Hy het vir hulle die nessie op Hoogland help koop, maar meer belang gestel in Naomi de Jongh met haar bruin hare en ligbruin oë wat tog so koketterig kan flikker.

Maar dit is goed, laat Hermann maar vir Naomi verkies. Sy wil net uitvind wie hulle van hierdie plaas wil wegjaag; sy wil weet wie hulle vee vergiftig het. En sy wens dit moet van De Jongh se mense wees. Dan sal sy weggaan, saam met haar



vader, en nie weer terugkom nie.

By hierdie gedagte kom daar trane in die meisie se oë, en 'n oomblik is die wêreld dof om haar asof die mis afgesak het van die berge af en nou die waterbron omring.

Sy weet dat dit al lank ná middernag is en dat sy baie koud kry. Soms voel sy lus om terug te ry na hulle opstal toe. Haar vader is teen hierdie tyd seker al doodbekommerd oor haar, en Hermann. . . ja, sy weet nie eens meer wanneer hy in die nag tuiskom nie. Soms vroeg teen die oggendure. En dan was hy die hele tyd by die wonderlike Naomi. Hy is vanaand ook soontoe, en is seker nou nog daar. As hier vannag iemand na die waterbron kom, sal sy wild met hulle veg. . . Dit maak nie saak of hulle haar doodskiet nie. . . dan. . . dan moet dit net oom Floors de Jongh wees, of Ferdie, sy seun, of daardie Percy Fox wat ook by haar lê. Miskien sal Hermann dan tot besinning kom.

Ineens ruk sy soos sy skrik, en sy vee die vog met die agterkant van haar hand uit haar oë.

Daar naby die water staan twee gestaltes. . . of. . . of is dit rotse? Nee, sy ken hierdie wêreld. Daar is nie sulke hoë rotse so naby die water nie. Sy kom stadig orent, kyk dan vinnig na agter. Haar perd staan diep in die skaduwees. Dan kyk sy weer voor haar. Daardie gestaltes het beweeg. Nou sien sy dat dit twee perderuiters is. Sy hoor egter nog geen geluid nie. Dit is byna asof hulle soos spoke vorentoe sweef.

Sy trek haar oë op nou skrefies.

Haar hart klop ineens bang. Daardie twee mense het nie om dowe neute onder dekking van die nag na hierdie water gekom nie. Haar wag was dus nie tevergeefs nie. Sy maak haar gereed om nader te sluip. Hulle sal haar nie so gou sien nie.

Een van die ruiters klim skielik af. Leonie se hande begin ineens bewe. Hy het 'n groot sak in die een hand. Hy sleep dit feitlik oor die aarde. Die ander een bly op die perd sit.

Leonie seil stadig oor die spruitwal, hardloop dan gebukkend vorentoe en duik agter 'n klompie vaalbosse in. Nou klop haar hart in haar keel. Sy kom stadig orent en loer oor die jong boompie waaragter sy haar bevind. Die twee manne is nou geen vyftig tree van haar af nie, maar sy kan nog nie uitmaak wie hulle is nie. Maar dan voel dit skielik vir haar of haar keel toetrek. . .

Die man wat daar op die perd bly sit, is gekleed in 'n donker

hemp en broek. Dit is of hy een woord met die swart perd waarop hy sit. Sy dink onwillekeurig aan die geheimsinnige ruiter wat vandag hier rondgedool het. Sy wou net uitspring om nog nader te sluip. toe die man op die grond die sak op die grond neersmyt en omkyk na die swart ruiter toe. Leonie kan in die maanlig uitmaak dat hy 'n gelerige hemp aanhet. Hy is duideliker sigbaar as die ander een in swart.

,,Morsige werk. Otto. Kom sit hand by. man. Hierdie takie het ek en jy tot dusver alleen verrig en ons moet dit nou ook maar doen. Hierdie gat is die laaste waterbron op die plaas. As hulle nie nou trek nie. sal dit nooit gebeur nie. Maar ons moet dit maar self doen. . . mens weet nie hoe betroubaar die volk is nie. Hulle kan 'n mens dalk in die moeilikheid beland."

Die man op die pikswart perd swaai homself behendig uit die saal. Hy kom vinnig nader en Leonie verbeel haar dat sy kan sien dat hy 'n rewolwer aan elk van sy heupe in leersakkies het. Dit is 'n breedgeskouerde man. atleties gebou.

Die man in die swart hemp vat aan die eenkant van die sak. en die ander persoon aan die ander kant en dan gaan hulle die water in. Die water raas met 'n snaakse metaalklank.

,,Hierdie gif is dodelik. Ferdie. dodelik."

Die geweer val byna uit Leonie se hande. Haar hart gaan nou so te kere dat sy hom oral voel klop.

Dan was sy altyd reg. . . reg in haar vermoede. Dan . . . dan is dit die wonderlike familie onder wie Hermann wil introu. Dit is Ferdie de Jongh. Wie kan dit anders wees? En die geheimsinnige man met die swart hemp is ene Otto.

Sy het nog nooit van hierdie naam gehoor nie. Maar sy moet dit onthou. sodat sy dit aan Hermann kan vertel. Haar spiere span. Sy weet nou al dat daar die een of ander soort gif in daardie streepsak is.

Sy hoor Ferdie lag. . . en hierdie keer is sy doodseker dat dit Ferdie de Jongh is. Sy ken daardie lekker. tartende laggie.

,,Die sap van slangkop en wolwegif deurmekaar. Otto. Dit is 'n doring van 'n mengsel. Ek moet jou gelukwens met die resultate van jou mengsel."

,,Nie myne nie. Ferdie. Dit is Percy se uitvindsel. maar ek dink hy het dit maar van 'n aptekersvriend van hom op Kimberley gehoor."

Hulle staan nou kniediep in die water en hulle lig die sak omhoog. . .



Maar skielik spring Leonie agter die vaalbosse op en snel vorentoe. Die geweer hou sy in hulle rigting. Binne dertig tree van hulle af skree sy:

,,Steek julle hande op. skurke. . .!"

Daar is eers 'n plonsgeluid. soos van iets wat in die water val. en toe knal 'n skoot in die nag.

Leonie se gesig vertrek. Sy voel die pyn in haar regterskouer. Die twee mans in die water word dowwe skimme voor haar oë. Haar hare is los oor haar voorkop. Dit word donker voor haar en sy voel hoedat sy grond toe sak. Sy stry teen die beswyming. slaag daarin om die geweerloop na die twee mans te swaai wat deur die water plas. terug na hulle perde toe.

Leonie trek die sneller. Oorverdowend klink die skoot deur die nagstilte. Iemand swets. Dan hoor sy perdehoewe. Haar geweer val uit haar hande en sy sink teen die harde aarde neer. Vir laas is sy bewus van jagende perde. Sy verbeel haar dat sy iemand hoor skree:

,,Ry. Otto. ry!"

Die twee perde lê oop teen die steil hang op. Die swart perd is effens voor. Bo-op die bergrug ruk hulle die perde in en kyk af na die waterplas wat ver onder in die vallei in die maanskyn blink.

,,Wie was dit. Ferdie?" vra die man in die swart hemp.

,,Die hemele weet hoe sy geweet het om daar te wag. Die ding lyk lelik. Dit was Leonie Bloem."

Die man met die swart hemp vryf aan sy ken.

,,Ek het gehoor en gesien dat dit 'n vrou is. . . Sy kan verdeksels raak skiet ook. Haar koeël het my skrams getref. so 'n krapplek aan my voorarm. Kyk hier."

Die man leun vooroor en wys sy wond aan Ferdie. Die bloed drup van sy harige voorarm af.

,,Jy kan bly wees dit was nie raak nie. Is dit seer?"

,,Dit brand asof sy peper voor aan daardie koeël gesmeer het. Ek het haar vandag ook gesien."

Ferdie kyk vinnig na die soel gesig hier voor hom.

,,Jy het haar gesien! Het. . . het sy jou gesien?"

,,Ek skat so. . . maar ek het skoon uit haar uitgejaag."

Ferdie lyk bekommerd.

,,Ek. . . ek wonder of sy ons gesien het. . . ek bedoel. herken het?"